

29 Julie

Efesiërs 4:31, 32

### ***Vryheid deur vergiffenis***

Wanneer jy nie daarin slaag om diegene wat jou seermaak te vergewe nie word jy 'n sagte teiken vir Satan. God beveel ons om ander te vergewe soos ons self vergewe is (Ef. 4:32). Ons gehoorsaam hierdie opdrag sodat Satan ons nie kan uitbuit nie (2 Kor. 2:10,11).

Christene bewys genade en vergewe omdat ons hemelse Vader ons vergewe het. Vra God om die name van mense wat jy moet vergewe aan jou bekend te maak.

Om te vergewe is nie om te vergeet nie.

Mense wat wil wag tot hulle die pyn wat hulle aangedoen is vergeet het, vind dat hulle nie kan vergewe nie. God se opdrag is om dadelik te vergewe. God sê dat Hy nooit meer aan ons sondes dink nie (Rom. 10:17).

Vergifnis is 'n keuse - 'n wilsbesluit. Vergifnis is 'n opdrag van God en daarom kan ons dit wel doen in sy krag.

Dit lyk moeilik om te vergewe, omdat dit teen ons sin vir reg en regverdigheid indruis. Ons wil natuurlik wraak neem vir alles wat ons moes deurmaak. Maar God verbied ons om self wraak te neem.

Wanneer jy iemand vergewe is dit tot jou voordeel; jy vergewe om vry van die verlede te kan lewe. Dit is 'n kwessie van gehoorsaamheid aan God en hoofsaaklik 'n saak tussen jou en God. Hy wil nie hê dat jy deur die verlede gestrem word nie en vergifnis is die enigste doeltreffende manier.

Om God se vergewende liefde aan te gee beteken jy is bereid om met die gevolge van 'n ander persoon se daade saam te leef. Jy betaal 'n prys wanneer jy vergewe. Jy besluit om die prys van die boosheid wat jy vergewe, te betaal. In werklikheid sal jy in elk geval vir die res van jou lewe met die gevolge van jou oortreder se daade saamleef.

Moenie uitstel tot jy lus voel om iemand te vergewe nie. Dit gebeur nooit! Jou gevoelens sal eers begin bedaar (heel word) wanneer jy besluit om God se opdrag om te vergewe, te gehoorsaam. Dan eers sal Satan sy houvas op daardie gebied van jou lewe verloor en kan God se genesingsproses begin.

Sing: Psalm 32:1

Dr. G.C.P. Labuscagne (Bloempark)